# June 2026 Highlights
# Junie 2026 Hoogtepunte

## FICTION / FIKSIE




***Enigma* deur Rudie van Rensburg**
**9780795803390 | Queillerie | Afrikaanse roman | TPB | R365**

Wanneer 'n skatryk Angolese sakeman met twee koeëlgate in sy bors in 'n hotelkamer in Kaapstad aangetref word, moet Kassie en Rooi die saak ondersoek. Die kokaïen, ongeslypte diamante en edelgesteentes in sy bagasie slaan hulle dronk. Wat doen 'n gesiene persoon, wat 'n Suid-Afrikaanse minister kom adviseer het, met vermoedelik smokkelware in sy besit?

Die nuwe en omgesukkelde tydelike bevelvoerder van die Spookeenheid laat Kassie-hulle boonop ligtrap. Hy soek resultate en eintlik wou hy dit al gister gehad het. Om sake te vererger is Kassie onder groot druk van sy vrou om af te tree.

'n New Yorkse beleggingsbestuurder, 'n Angolese skurk met verskeie geldmaakplanne en 'n hoogaangeskrewe en geslepe sakevrou is almal op 'n manier met die vermoorde man verbind. Maar wat presies het hulle met sy raaiselagtige transaksies te doen?

Kassie en Rooi moenie net 'n moord oplos nie, maar ook 'n internasionale netwerk van kriminele aktiwiteite ontbloot. Een waarbinne daar nie geskroom word om mense permanent uit die weg te ruim nie.





***Die oorkant* deur Annemarié van Niekerk**
**9780624090854 | Tafelberg | Afrikaanse roman | TPB | R350**

Twintig jaar gelede moes Ada noodgedwonge haar grootwordplaas in die Goukou-vallei verlaat. Aan die oewer van die silwerwit getyrivier keer sy nou terug na die geheime van haar kinderjare. Terwyl Ada bly by haar vriendin Mel, 'n omgewingsnavorser, probeer sy deur haar skryfwerk die skimme van haar verlede tem.

Maar hoe meer sy soek na die kind met die swaaiende rooi emmer wat agter haar pa aanloop om garnale te gaan pomp, hoe meer ontglip dié kind haar. Want die kind weet hoe om wegkruipertjie te speel sonder 'n den, die kind weet dat alles in die skemer 'n ander lewe kry, dat alle reëls verdwyn. Die kind weet hoe dit voel om verlangend na jou ma se reuk te soek en hoe dit klink as jou broer se gehuil in die skuur deur die jare 'n ander klank kry. Die kind weet hoe groot die klein woordjie "Pa" kan word, daardie woord wat jou nie wil loslaat nie.

'n Onthutsende en ontroerende roman oor gesinsgeweld en die vrae of die natuur verligting en die tyd genesing kan bring.




***Good Things Keep Happening to Me* by Puseletso Tsotetsi**
**9780795711473 | Kwela Books | English Romance Novel | PB | R260**

*Good Things Keep Happening to Me* is based on the viral TikTok series Thato wa Ngwanyana – a modern South African love story about second chances and the kind of love that finds you when you stop running.


Set in Johannesburg, the story follows Didi, a single mother and software developer, and Thato, a charming pediatrician who reminds Didi that love can be safe, passionate, and real.

If you've ever doubted love, this book is your reminder that the right kind of love never rushes, it happens.




***Soetroos van Saron* deur Theolla Langenhoven**
**9780795711312 | Kwela Boeke | Afrikaanse roman | TPB | R290**

*Soetroos van Saron* vertel die verhaal van Delicia Basson, 'n jong vrou van Saron, wat 'n gesogde beurs ontvang om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer. Delicia is opgewonde én angstig wanneer sy ouma Toesie en haar vertroude wêreld agterlaat om haar studies voort te sit.
Sy word aanvanklik betower deur haar nuwe lewe van prag en praal. Maar geleidelik besef sy daar is iets sinisters wat onder die oppervlak broei . . .





***Bloedbande* deur Eleanor Baker as Alex Muller**
**9780798185769 | Human & Rousseau | Afrikaanse roman | PB | R280**

Na die gewoel en gejaag van die grootstad het inspekteur Adriaan Kruger begin gewoond raak aan die relatief rustige lewe op die dorpie Overberg. Hy en Karien is baie gelukkig en nou verwag sy hulle tweeling. Hy word dan boonop tot kaptein bevorder.
Maar onheil slaap nooit nie en twee misdade stuur skokgolwe deur die gemeenskap: die aanval op 'n jong meisie, en dan dít wat lyk na 'n bloedige gesinsmoord. As hy maar net kan fokus op die moord, sal sy taak vergemaklik word, maar die meisie wat aangeval is se pa is 'n vooraanstaande man in hierdie geweste. En soms wil dit lyk of daar 'n verband is tussen dié twee misdade . . .

*Bloedbande* is die vierde titel in 'n reeks van vyf ligte spanningsverhale wat tussen 1998 en 2003 deur die gewilde skrywer Eleanor Baker onder die skuilnaam Alex Muller geskryf is.

# POETRY / POËSIE





***Steierwerk* deur Johan Myburg**
**9780798186346 | Human & Rousseau | Afrikaanse poësie | TPB | R275**

*Steierwerk* bestaan uit 71 sonnette ryk aan 'n uiteenlopende ervaringswêreld. Benewens reis- en liefdesverse is daar die digterlike gesprek met groot geeste soos NP van Wyk Louw, Wilma Stockenström, William Shakespeare, TS Eliot en John Keats, asook ekfrastiese verse oor visuele kunswerk, en gedigte oor musiek en argitektuur.

Soos die titel suggereer, dien bogenoemde impulse as stellasies waarmee Myburg sy verse bou. Steierwerk is getuigskrif van Myburg se fyn en serebrale vakmanskap.

# NON FICTION / NIEFIKSIE





***HELD* by Lulama Mali**
**9780798186346 | Tafelberg | Memoir | TPB | R300**

Lulama Mali believed that her mother had died in a tragic accident years ago. But the truth would turn her childhood upside down.

Tracing three generations of Black family life in Cape Town, *HELD* weaves a compelling narrative of love, loss and memory. From the erased neighbourhood of Wittebome via the Native Yards in Gugulethu, Mali traces the scars of displacement along with the intimate rhythms of township life, shedding light on the details that history often overlooks. There is music, laughter and the everyday magic of shared meals and crowded homes, but also the bitter edges of betrayal, illness and loss.

Both personal and political, *HELD* is a meditation on memory, silence and inheritance. It asks: What does it mean to be held – by grief, by history, by love – and what happens when the truths that bind us finally come undone?




***Tsietsi Mashinini* by Sam Mathe**
**9780624095880 | Tafelberg | Biography | TPB | R330**

Five decades after the 1976 Soweto uprising that changed South Africa forever, little is known about its most iconic leader, the charismatic Tsietsi Mashinini.

Sam Mathe went searching, and found an enigma: a brilliantly gifted schoolboy who recited reams of poetry and excelled at debating, but who after that fateful day in June 1976 became a hunted man. Mashinini went into hiding, sometimes dressing as a woman to elude arrest. Eventually forced into exile, he became an international celebrity, addressing the United Nations and meeting heads of state. He seemed destined for great things.

Yet Mashinini died sick and alone under mysterious circumstances.

In his colourful and comprehensive account of Tsietsi Mashinini's story, Mathe sheds new light not only on an exceptional leader, but also on the pivotal events of 16 June, some of which remain contested to this day.




***Aanstap Boere: 'n Ooggetuie van die ontrafeling van wit mag in Suid-Afrika* *deur* Max du Preez**
**9780624096863 | Tafelberg | Aktueel | TPB | R340**

Voor Max du Preez as joernalis bekend – en omstrede – geword het, was hy 'n doodgewone kaalvoet Boerseun van die Vrystaat, die kleinseun van Boereoorlog-krygers en veroordeelde rebelle, en selfs lid van die Kinderkrans. As jong verslaggewer by Beeld leer ken hy die binnekamers van Afrikanermag en meng met groot kokkedore soos John Vorster, PW Botha en Adriaan Vlok. Hy doen ook verslag uit Soweto. Op 'n dag begin klippe spat. Skielik hoor hy skote. Die datum is 16 Junie 1976.

Du Preez beskryf in sy boeiende memoires hoe dié keerpunt in sy lewe hom sou dryf om die donker dade van die magshebbers, sy eie mense, oop te vlek. Hy sou uiteindelik sy lewe op die spel plaas hiervoor. Aanstap Boere is sy rou en reguit relaas oor vyf deurslaggewende dekades in Suid-Afrika. Hoe kon goeie kerkmense, sy eie pa inkluis, apartheid steun? Hoe het politieke verandering gebeur, en wat gaan vandag aan met AfriSol?

Die boek is heerlik leesbaar, onthutsend, krities – ook teenoor homself – en vol staaltjies; van PW se mauser, Lang Hendrik se uitbarsting, en ontbyt met Kenneth Kaunda tot die (swak) sing van "Sarie Marais" vir Thomas Sankara. Dan was daar ook die keer toe 'n informant Max met 'n RPG gedwing het om peermampoer af te sluk . . .

Du Preez se liefde vir die grond, sy mense en sy land straal uit elke sin.

## CLICK HERE TO REQUEST REVIEW COPIES

KLIK HIER OM RESENSIE-EKSEMPLARE AAN TE VRA

## DEADLINE FOR REQUESTS: 29 MAY 2026

SPERDATUM VIR VERSOEKE:
29 MEI 2026

JonathanBall*Publishers*